Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# HOKAAI MET DAAI DRUK!

Sportlui se geestesgesondheid kom ál meer onder die soeklig. **Heindrich Wyngaard** soek raad vir ouers.

1 Toe die Bok-vleuel, Sbu Nkosi, sowat ses weke gelede by die Bulle "gedros" het en eers weke later by sy pa se woning in Mpumalanga opgespoor is, het hy self die oorsaak van die dramatiese gebeure toegeskryf aan ŉ jare lange persoonlike stryd met "geestesdruk".

2 Hoewel die omstandighede in elke geval anders is, het dié voorval nogmaals die belangrikheid onderstreep dat daar – naas fiksheid, vaardighede en kondisionering – ook behoorlik aan sportsterre se geesteswelstand aandag gegee moet word.

3 Dit het ŉ internasionale wekroep geword nadat die nommer-een-tennisspeler, Naomi Osaka, uit 2021 se Franse Ope onttrek het om ŉ "geestesrustyd" te neem. Die tennis-ikoon, Serena Williams, wat self openlik oor geesteskwessies praat, het verlede jaar die geestesgesondheid-platform, Wondermind, gestig.

4 Maar dit is asof die sportmal publiek niks wil weet van die druk waaronder sportlui verkeer om wedstryd ná wedstryd vermaak te moet verskaf deur vertonings uit die boonse rakke te lewer nie. Indien dit nie die geval is nie, wag veroordeling en dikwels verbale aanvalle op sosiale media.

5 Die Engelse krieketspeler, Ben Stokes, wat in 2021 ŉ selfopgelegde blaaskans geneem het nadat hy angsaanvalle begin kry het, word deur Ruan Botha, ŉ kenner in geesteskondisionering, voorgehou as die beste voorbeeld van hoe ŉ supersportman dit onlangs reggekry het om homself te "reguleer". Hy kon weer op die perfekte tyd geestelik ŉ hoogtepunt bereik ná hy sy geestesgesondheid herwin het. Stokes het ná drie maande teruggekeer en ry steeds op die kruin.

6 Om uit eie wil so ŉ stap te neem en openlik daaroor te praat, verg wel ŉ bepaalde ingesteldheid, gegewe die druk waaronder topsportlui verkeer om nooit op te gee nie. "Hul hele identiteit word aan sukses gekoppel, maar die lewe beweeg op en af," sê die bekende "kopdokter" in rugbykringe, dr. Henning Gericke. "Dit is ŉ genadelose arena," voeg die prestasie-afrigter, Gielie Hoffman, by, want die verwagting is dat jy byna "bomenslik" moet presteer, soos dr. Pieter Kruger, direkteur van die Noordwes-Universiteit se Instituut vir Sielkunde, dit stel.

Kopiereg voorbehou

7 Sportmanne word op potensiaal gekontrakteer en nie op kwalifikasie nie. In die proses word die sportpersoon se waarde deur die buitewêreld bepaal en kom die waardebepaling saam met 'n verwagting dat hy/sy in ooreenstemming daarmee moet presteer. Wanneer hulle nie die mas opkom nie, tree negatiewe selfterugvoering in en word geestesgesondheid daardeur beïnvloed. Die spoor loop verder terug, sê Gielie, wat veral met jong mense werk. Op skool al word baie kinders deur hul ouers of afrigters gedruk om te presteer.

8 Die professionele sportwêreld is geen liefdadigheidsinstansie nie, maan hy, en verwys spesifiek na "rugbyspelers in ons land wat op 15 of 16 reeds as 'n kommoditeit* ontwikkel word." Hierdeur duik holistiese** ontwikkeling in die hek.

9 Dit is veral 'n uitdaging vir sportpresteerders van daardie ouderdom wat uit beskeie of minderbevoorregte ouerhuise deur spogsportskole opgeraap word om hul talent daar ten toon te stel. Dié werwing word merendeels as 'n "ontwikkelingsgeleentheid" vir die seuns voorgehou, maar dit is in werklikheid eintlik in die belang van die skool se aansien, vermoed prof. Wilbur Kraak, 'n sportwetenskaplike aan die Universiteit Stellenbosch, wat ook by afrigting op klubvlak betrokke is.

10 Die eise wat aanpassing in hierdie geografies- en kultuurvreemde omgewings aan die jong sportster stel, weg van ouerlike ondersteuning, bring mee dat sommige onder die verwagting swig.

11 Hierdie verwydering van sportmense uit hul "natuurlike omgewing" is 'n faktor wat uitdagings aan professionele sportlui stel. Spelers se agtergrond speel inderdaad breedweg 'n rol wanneer hul geesteswelstand ter sprake kom, reken Pieter, maar hy glo nie dat spelers se veerkragtigheid noodwendig deur gegoede óf moeilike agtergronde bepaal word nie. Makazole Mapimpi, 'n vleuel by die Haaie en die Bokke, is vir hom 'n voorbeeld van 'n speler wat ten spyte van (of dalk danksy) sy uitdagende agtergrond "geestelik sterk" is.

12 Pieter sê daar is egter geen "eenvormige resep" om sportlui teen geestesuitdagings te beskerm nie – en eintlik is geen mens immuun daarteen nie. Navorsing waarby hy betrokke was, toon dat tot 42% van spelers in internasionale rugbykompetisies een of ander geestesuitdaging ervaar het. Hierteenoor wissel die syfer vir die wêreldbevolking van mense by wie depressie en angs gediagnoseer word tussen 20% en 25%.

13 Henning se raad aan sportlui, jonk en oud, is om te aanvaar "dis orraait om nie orraait of perfek te wees nie." In hierdie gewenste kopskuif stel Ruan voor dat sportlui soms "minder die resultaat as die aktiwiteit nastreef." Ook vir Sbu Nkosi is dit 'n waardevolle les (as ek die betekenis van sy van mag inspan): Jy hoef nie altyd die "koning" van die rugbyveld te wees nie.

* **kommoditeit** – natuurlike, waardevolle hulpbron (ekonomiese term)
** **holistiese** – rakende die geheel

[Aangepas uit *Rapport Beleef*, 8 Januarie 2023]

Kopiereg voorbehou 

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Aangepas uit *Volksblad*, 03 Mei 2019]

## VRAE: TEKS A

1.1 Herlees die opskrif en subopskrif.

1.1.1 Sê in jou eie woorde waarna "daai druk" verwys. (1)

1.1.2 Skryf TWEE opeenvolgende woorde neer wat aandui dat hierdie 'n groterwordende kwessie is EN noem die naam van EEN bekende sportster wat 'n slagoffer hiervan was/is. (2)

1.2 Aan watter VIER aspekte moet daar aandag gegee word wanneer afrigting plaasvind? (4)

1.3 Noem die kontrasterende gedrag wat die sportpubliek openbaar. (1)

1.4 Herlees die eerste sin van paragraaf 6.

Noem TWEE gevalle waar sportsterre wel "so 'n stap" gedoen het om druk te verlig. (2)

1.5 Herlees die onderstreepte woorde in paragraaf 6.

Noem TWEE aspekte wat in dié leesstuk genoem word waarna hierdie woorde kan verwys. (2)

1.6 Watter verband is daar tussen Gielie Hoffman en dr. Pieter Kruger se stellings? (1)

1.7 Motiveer waarom die waardebepaling en verwagting om te presteer buite die beheer van die sportster val. (1)

1.8 Watter nadeel hou dit vir jong rugbyspelers in as hulle té vroeg reeds as baie waardevol hanteer word? (1)

1.9 Herlees paragraaf 8 tot 10.

1.9.1 Noem EEN voordeel en EEN nadeel wat die werwing van ʼn minderbevoorregte leerder deur ʼn sportspogskool vir die leerder kan inhou. (2)

1.9.2 Waarom kan die vooroordeel van sekere Suid-Afrikaners teenoor spogskole wat sportleerders werf, geregverdig word? (1)

1.10 Herlees prof. Wilbur Kraak se stelling in paragraaf 9.

1.10.1 Verduidelik waarom die uitspraak van prof. Kraak as geloofwaardig beskou kan word. (1)

1.10.2 Is prof. Kraak se uitspraak ʼn feit of ʼn mening? Motiveer. (1)

1.11 Waarom kan Makazole Mapimpi as ʼn uitsondering op die reël beskou word? (1)

1.12 Dink jy dat internasionale rugbyspelers meer druk as gewone mense ervaar? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Herlees die laaste paragraaf.

1.13.1 Wat sal gebeur as sportlui eerder “die resultaat as die aktiwiteit nastreef”? (1)

1.13.2 Neem die leesstuk in die geheel in ag. Dink jy dat dit moontlik is om minder druk op skoolleerders, wat aan sport deelneem, te plaas? (1)

**VRAE: TEKS B**

1.14 1.14.1 Waar speel die toneel in TEKS B af? (1)

1.14.2 Gee 'n bewys vir jou antwoord in VRAAG 1.14.1. (1)

1.15 Sê waarom die woorde ***Rus in vrede*** teen die muur onvanpas is. (1)

1.16 Hoe weet jy as leser dat die plan om die beseerde speler te laat speel, nie die oorspronklike plan was nie? (1)

**VRAE: TEKS A en TEKS B**

1.17 Verduidelik hoe TEKS B by TEKS A aansluit. (1)

1.18 Wat is die grootste verskil tussen die sportman in TEKS B en die sportmanne waarna in TEKS A verwys word? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **SEWE voordele wat veganisme vir die mens inhou**.

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in duidelike, volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**PLATSAK EN VIR EERS KEELVOL VIR VLEIS?**
**STEL VEGANISME OP DIE PROEF!**

Oor die feestyd is Suid-Afrikaners geneig om elke maaltyd te beplan rondom die soort vleis(e) wat gaargemaak gaan word. Maar ná die vyfde dag van braai met groente en stysel as ŉ bysaak, begin jou lyf kapsie maak!

ŉ Afwisseling kan jou net goed doen. Jy hoef nie al jou vleistande te laat trek nie. Jy kan dit eers net ŉ aand of twee per week probeer.

ŉ Veganistiese dieet is basies ŉ plantgebaseerde dieet, sê Claudine Ryan, dieetkundige in Gqeberha. "Dit sluit nie net vleis uit nie, maar ook alle kosprodukte wat van diere afkomstig is, soos suiwel, heuning, eiers en selfs gelatien. Daar is egter ŉ verskeidenheid plantprodukte soos volgrane, vrugte, groente, peulgroente, soja, neute en sade waaruit jy kan kies. Mense word gewoonlik om etiese, geloofs-, omgewings- of gesondheidsredes veganiste."

Wat ook al jou rede is, Ryan sê dit is raadsaam om jouself stelselmatig in te lyf in hierdie leefstyl.

Veganisme het voordele en (baie min) nadele. Veganisme sal aanvanklik moeilik wees omdat dit ŉ leefstylverandering vereis.

Dit is beslis so dat vertering van voedsel makliker en vinniger plaasvind sodat jy nie dikwels opgeblaas voel nie.

Die voedsel wat ingeneem word, word in die heel beste vorm ingeneem, wat goeie immuniteit verseker.

Groente en vrugte wat verbou word, word verbou sonder om ŉ koolstofvoetspoor agter te laat.

Organiese plante bevat nie karsinogene (kankerwekkende stowwe) wat in proteïne voorkom en nadelig is vir die mens nie. Jy word glad nie hieraan blootgestel nie.

Indien jy al jou eetbare plante in jou tuin kweek, oes jy soos jy iets benodig en dit beteken dat jy nie eens 'n vrieskas nodig het nie.

Onbenutte spasie by jou blyplek kan tot jou voordeel gebruik word, want dan kan jy self jou kos in jou eie tuin produseer. Boonop is plantaardige kos grotendeels goedkoper as vleis, vis en pluimveeprodukte.

As jy 'n veganis wil word, sal jy jou koskas moet aanpas. Basiese produkte wat veganiste in hulle koskaste het, is gedroogde en geblikte bone, lensies en ertjies, sojamaalvleismengsels, voedingsgis, rys en pasta, aartappel en patat, asook grondboontjiebotter.

Probeer dit gerus.

[Aangepas uit *Rapport*, 9 Januarie 2023]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Aangepas uit *Rapport Weekliks*, 14 Julie 2019]

## VRAE: TEKS D

3.1 Verduidelik die funksie van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

3.2 Verklaar die betekenis van die teken regs van die syfer 24 in reël 1. (1)

3.3 Herlees reëls 2 en 3.

Noem TWEE advertensietegnieke hoe die opskrif hier beklemtoon word. (2)

3.4 Hoe verskil die boek wat hier geadverteer word van enige ander boek? (1)

3.5 Hoe sluit die visuele beeld by die boek se titel aan? (1)

3.6 Herlees reëls 4 tot 15.

Hoe word die leser hier oorreed om op Netwerk24 in te teken?
Noem TWEE maniere. (2)

3.7 Vorm ’n persoonsnaam van die twee woorde tussen hakies in reël 14. (1)

3.8 Gee die funksie van die beletselteken aan die einde van reël 14. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprente (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

**ZITTS**

RAAMPIE 1 RAAMPIE 2 RAAMPIE 3




[Aangepas uit *www.zitscomics.com*]

**GROEIPYNE**

RAAMPIE 4 RAAMPIE 5 RAAMPIE 6




[Aangepas uit www.groeipyncomics.com]

## VRAE: TEKS E

4.1 Watter funksie het die skryfwyse van ***Jeremy*** in RAAMPIE 1? (1)

4.2 Sê waarom die vraag in RAAMPIE 2 nie as 'n retoriese vraag beskou word nie? (1)

4.3 Sê watter gevoel die spreekster in RAAMPIE 3 ervaar én noem hoe dit uitgebeeld word. (2)

4.4 4.4.1 Wat impliseer Jeremy met sy laaste woorde in RAAMPIE 3? (1)

4.4.2 Na watter vorm van stereotipering kan hier moontlik verwys word? (1)

4.5 Herskryf RAAMPIE 4 sodat dit ŉ volledige volsin kan wees. Skryf die hele sin oor. (1)

4.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die letter (A–D) neer.

Tydens die uitspraak van die onderstreepte woord in RAAMPIE 5 vind die volgende klankverskynsel plaas:

A Assimilasie
B Palatalisasie
C Nasalering
D Vokaalreduksie (1)

4.7 Wat is die funksie van die woorde buite die spraakborrels in RAAMPIE 5 en RAAMPIE 6? (1)

4.8 Verduidelik waarom die manlike spreker se oë in RAAMPIE 6 anders as in die vorige raampies uitgebeeld word. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### BLIKBREIN DURF HOFSAAK AAN

1 Die wêreld se eerste "robot-prokureur" (5.2.1) **maak** na verwagting (5.3) volgende maand sy **buiging** in 'n strafregtelike verhoor.

2 Die naam van die beskuldigde en die plek waar hy verhoor word, is nie bekend gemaak nie, maar volgens (5.4) "*New Scientist*" is dit die eerste verhoor waar kunsmatige intelligensie (KI) gebruik sal word om die vermeende oortreder se verweer te behartig. Die oortreder het 'n spoedkaartjie ontvang en beplan om skuld te ontken.

3 Die KI sal glo luister na alles wat in die verhoor gesê word en (5.5) ... opdragte aan die beskuldigde gee oor wat om te antwoord, sowel as vrae verskaf wat aan getuies gestel moet word.

4 (5.6) **Die program is deur die maatskapy DoNotPay geskryf** en is daarop gemik om padoortreders te verteenwoordig. Die stigter van die maatskappy, Joshua Browder (26), het die program begin skryf toe hy 19 jaar oud was.

5 Hy het reeds groot sukses daarmee behaal om motoriste wat (5.7) parkeerkaartjies kry, te verdedig.

6 Die program kan byvoorbeeld appél aanteken sou die motoris beweer dat die padverkeerstekens onvoldoende was of hy het nie besef hy mag nie in 'n (5.8) spesifieke plek parkeer nie.

[Aangepas uit *Rapport*, 8 Januarie 2023 (Netwerk24)]

## VRAE: TEKS F

5.1 Skryf die eerste diftong uit die eerste paragraaf neer. (1)

5.2 5.2.1 Herlees die donkergedrukte woorde in reëls 1 en 2 (**maak** ... **buiging**). Sê of die woorde hier denotatief of konnotatief gebruik word. (1)

5.2.2 Gebruik nou dié woorde in 'n verduidelikende volsin in die ander vorm as jou antwoord in VRAAG 5.2.1. (1)

5.3 Skryf die afkorting van die onderstreepte woord in reël 2 neer. (1)

5.4 Is die gebruik van die aanhalingstekens in die skuinsgedrukte woorde in reël 4 gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

5.5 Voltooi die sin in paragraaf 3 deur ŉ ontbrekende verbindingswoord wat oorsaak en gevolg aandui, neer te skryf. (1)

5.6 Herskryf die donkergedrukte sin in reël 11 in die bedrywende vorm. (1)

5.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.7) en die letter (A–D) neer.

Die onderstreepte woord in reël 15 is ŉ ...

A samestelling.
B afleiding.
C simpleks.
D samestellende afleiding.

5.8 Gee ŉ antoniem vir die onderstreepte woord (reël 18). (1)

5.9 Dui die spelfout in die laaste paragraaf aan deur die woord in die korrekte vorm neer te skryf. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# AFRIKAANS HUISTAAL V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1 (*Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.*)** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1.1 | (Die druk op sportmense) om te presteer √ | 1 |
| | | |
| 1.1.2 | “ál meer” √<br>Sbu Nkosi / Naomi Osaka / Serena Williams / Ben Stokes. √<br><br>*Die antwoorde moet onafhanklik van mekaar nagesien word.* | 2 |
| | | |
| 1.2 | Fiksheid, vaardighede, kondisionering, geesteswelstand. √√√√<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| | | |
| 1.3 | Hulle verwag om vermaak te word / geniet die prestasies / is tevrede met goeie prestasies, maar gebeur dit nie, is daar oordeel, selfs mondelinge aanvalle op spelers. √<br><br>*Die kandidaat moet na BEIDE kante van die kontras vir EEN punt verwys.* | 1 |
| | | |
| 1.4 | Naomi Osaka het (in 2021) uit die Franse Ope onttrek. / Ben Stokes het in 2021 die jaar lank gerus. / Serena Williams het die geestesgesondheid-platform, Wondermind, gestig. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Sportsterre wen soms wedstryde, maar verloor ook soms. √<br>Sportsterre se geestesgesondheid is soms goed; soms swak. √<br><br>*Die kandidaat bied sy/haar keuse in enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 1.6 | Daar is geen genade vir sportlui wat onderpresteer nie, juis omdat die publiek verwag dat jy altyd uitstaande moet presteer. √ | 1 |
| | | |
| 1.7 | Die waarde word deur die publiek bepaal. / Alhoewel die sportster sy bes probeer, het hy nie volle beheer oor die uitslag / sy prestasie nie. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.8 | Hulle word nie in die geheel (holisties) ontwikkel nie. | 1 |
| | | |
| 1.9.1 | Die voordeel: Die leerder kry meer geleenthede om sy talent te wys / te ontwikkel.<br>Nadeel: Die leerder swig sonder ondersteuning onder die druk van die hoë verwagtinge van ander. √√<br><br>*Kandidaat bied enige soortgelyke TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 1.9.2 | Dit gaan vir skole meer oor die aansien / naam / prestasie van die skool (as die ontwikkeling van leerders).<br>**OF**<br>Sommige van dié spelers swig onder die druk en ontwikkel nie. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.10.1 | Hy is 'n sport wetenskaplike aan die US. / Hy is betrokke by afrigting op klub vlak.<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.10.2 | Mening – Hy "vermoed" dit. | 1 |
| | | |
| 1.11 | Hy kom uit 'n mindergegoede agtergrond, maar is steeds geestelik sterk.<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.12 | Ja, navorsing het bewys dat 42% van internasionale spelers geestesprobleme ervaar teenoor die 20-25% van die wêreldbevolking wat angs en stres ervaar. √<br><br>*Nee kan nie as antwoord oorweeg word nie.* | 1 |
| | | |
| 1.13.1 | Hulle sal makliker geestesprobleme ervaar / met geesteswelstand sukkel / sukkel om druk te verwerk.<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.13.2 | Ja, dit is moontlik, want ouers kan die leerders teen die druk beskerm.<br><br>**OF**<br><br>Nee, op skool sal afrigters / onderwysers steeds druk op leerders plaas. √<br><br>*Die kandidaat bied sy/haar keuse in enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.14.1 | Hospitaal / -saal / -bed √ | 1 |
| | | |
| 1.14.2 | Die bed se struktuur / pasiëntlêer teen bed / monitor teen muur / funksies word gemonitor / drup / arm en been opgelig. √<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.15 | Die woorde hoort nie in ŉ hospitaal waar lewens gered word nie, want dit verwys na die dood. /<br>ŉ Mens verwag dié woorde eerder op ŉ grafsteen as in ŉ hospitaal. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.16 | Die woorde "Plan B" dui daarop. √ | 1 |
| | | |
| 1.17 | Onrealistiese druk word in beide tekste op sportlui geplaas. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 1.18 | TEKS B se speler het fisiese probleme; dié in TEKS A worstel met sielkundige / geestelike / emosionele probleme. √<br><br>*Die kandidaat moet na BEIDE tekste vir EEN punt verwys.* | 1 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B:

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ŉ opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne,** in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie**:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het**:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4–5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
  - 2–3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.

**Moontlike antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.**

Veganistiese voedsel word makliker en vinniger verteer. Veganisme verseker goeie immuniteit. Geen koolstofvoetspoor word (tydens verbouing) agtergelaat nie. Gebruikers neem nie (nadelige) karsinogene / kankerwekkende stowwe in nie. Jy het glad nie ŉ vrieskas nodig nie. Jy kan jou kos in jou eie tuin produseer. Voedsel vir veganiste is goedkoper (as vleis, vis en pluimveeprodukte).

**[54 woorde]**

Kopiereg voorbehou 

| AANHALINGS UIT DIE TEKS | EIE WOORDE |
|---|---|
| • **"... dat vertering van voedsel makliker én vinniger plaasvind."** | Voedsel word makliker en vinniger verteer. |
| • **"... wat goeie immuniteit verseker."** | Veganisme verseker goeie immuniteit. |
| • **"... word verbou sonder om 'n koolstofvoetspoor agter te laat."** | Geen koolstofvoetspoor word (tydens verbouing) agtergelaat nie. |
| • **"...bevat nie karsinogene (kanker-wekkende stowwe) wat nadelig vir die mens is nie."** | Gebruikers neem nie (nadelige) karsinogene / kankerwekkende stowwe in nie. |
| • **"... dat jy nie ... 'n vrieskas nodig het nie."** | Jy het glad nie 'n vrieskas nodig nie. |
| • **"... dan kan jy self jou kos in jou eie tuin produseer."** | Jy kan jou kos in jou eie tuin produseer. |
| • **"... is plantaardige kos ... goedkoper as vleis, vis en pluimveeprodukte."** | Voedsel vir veganiste is goedkoper (as vleis, vis en pluimveeproddukte). |
| | **(Getal woorde: 54)** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar ŉ afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Dit sê dat/ dui daarop dat hierdie produk slegs op Netwerk 24 te kry is / nie op enige ander plek beskikbaar is nie. √ | 1 |
| | | |
| 3.2 | Klank(e) wat vrygestel word, word voorgestel. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 3.3 | Die groter letters / skrif / lettergrootte /<br>die uitroepteken. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 3.4 | Ander boeke word gelees (deur die leser) terwyl hierdie boek (aan die luisteraar) voorgelees word. √ | 1 |
| | | |
| 3.5 | Die hond beweeg in ŉ rigting, soos beweging ook deur die woorde **Op pad** geïmpliseer word. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 3.6 | Daar is elke maand twee nuwe boeke om na te luister. / Die intekengeld is relatief goedkoop (slegs R99 per maand). / Die geleentheid om na boeke te luister word aan jou gebied. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | |
| 3.7 | intekenaar √ | 1 |
| | | |
| 3.8 | Die leser dink (vir ŉ kort rukkie) na wát die bedrag kan wees. / Spanning word geskep. / Klem word gelê op die feit dat dié ŉ redelik klein bedrag is. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit / Die groterwordende woorde (of letters) dui daarop dat die naam (toenemend) harder uitgeroep word. √ | 1 |
| | | |
| 4.2 | Hy / Jeremy verskaf 'n antwoord. / Sy verwag 'n antwoord. √ | 1 |
| | | |
| 4.3 | Verslaentheid / ontevredenheid / teleurstelling / skok / woede / verstom √<br>**EN**<br>Die plasing van die arms op die heupe / die mond hang oop / lippe op mekaar / groot oë √<br><br>*Die kandidaat bied telkens enige EEN antwoord vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>1 |
| | | |
| 4.4.1 | Hy wil nie hê haar ma moet saamgaan nie. /<br>Hy wil nie saamgaan as haar ma saamgaan nie. /<br>Hy hou nie van die spreekster se ma nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 4.4.2 | Mense het dikwels 'n swak verhouding met 'n meisie / kêrel se ma / ouers / skoonma / skoonouers. √ | 1 |
| | | |
| 4.5 | Dit lyk of ... √ | 1 |
| | | |
| 4.6 | C – nasalering. √ | 1 |
| | | |
| 4.7 | Dit dui op die geluid wat gehoor word wanneer boodskappe elektronies gestuur of ontvang word. | 1 |
| | | |
| 4.8 | Hy rol sy oë / oë lyk groter omdat hy ingenome is met sy nuwe plan / omdat hy van sy vrou se voorstel verskil / omdat hy besef sy vrou kom agter dat hy ander planne het. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | y – sy √ | 1 |
| | | |
| 5.2.1 | konnotatief √ | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | Hy maak ŉ buiging voor die koningin. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke sin vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | |
| 5.3 | vlg. √ | 1 |
| | | |
| 5.4 | Ja, dit is die naam van ŉ publikasie / Engelse woorde.√<br><br>**OF**<br><br>Nee, die woorde is reeds skuinsgedruk om aan te dui dis ŉ publikasie / Engelse woorde. √ | 1 |
| | | |
| 5.5 | gevolglik / daarom / daaruit / hieroor / daarvolgens √ | 1 |
| | | |
| 5.6 | Die maatskappy DoNotPay het die program geskryf. √ | 1 |
| | | |
| 5.7 | D – samestellende afleiding √ | 1 |
| | | |
| 5.8 | algemene √ | 1 |
| | | |
| 5.9 | appèl √ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou